

Omgeepapier 19 - 25 Maart 2023

Weer oor Sending (“Samaria en Verder”)

1. Lees: In **Jer 2:13 sê die Here** deur Jeremia aan die volk: **“My fontein van Lewende Water** het hulle verlaat, om vir hulle opgaarputte uit te kap, gebarste opgaarputte wat nie water hou nie!” Lees ook Joh 4: 31-34: **Jesus sê: “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om Sy werk te voltooi.”**
2. Lees ook Joh 4:10; Joh 4:14; Joh 7:37&38; Openbaring 21: 6 - **Watter ander ‘kos / water’ gebruik ons nog (jy ook!) om ons siele honger te stil / sieledors te probeer les?**
3. By watter **vorms / kanale van sending** is jy al aktief betrokke d.m.v. ‘n geldelike bydrae, inskrywing op ‘n nuusbrief, korrespondensie met ‘n sendeling, of gebed? Hoe kan ons by FEBA betrokke raak?
4. Waarvoor het jy **gebed** nodig / vir wie kan ons bid? / Waarvoor kan ons saam met jou **dankie** sê?